

Die Kerkraad met Diakens byeen D.V. 17 Augustus 2020
Gereformeerde Kerk die Kandelaar

RAPPORT:

Ad Hoc Kommissie:

Ondersoek na die Wese van Erediens tydens Grendelfase

1. Agtergrond

Die kerkraad het op sy vergadering van 13 Julie 2020 besluit om, na aanleiding van 'n skrywe van 'n lidmaat, 'n kommissie aan te stel wat ondersoek moet doen na die wyse waarop ons tydens die grendelfase erediens hou.

Hierdie besluit is geneem op die ouderlingevergadering (smal), maar verwys na die daaropvolgende vergadering van die ouderlinge met die diakens (breed) waar die saak as breë saak op die agenda opgeneem is en die besluit deur die smal vergadering bekragtig is.

Hierdie saak is deur verskeie vorige skrywes, kommissieondersoeke en kerkraadsbesluite voorafgegaan wat almal gelei het tot die huidige manier waarop die eredienste hervat is binne die bepalings van die regulasies (nie meer as 50 persone per diens, gesigsmaskers, toetsprotokol, nie hardop sing nie ens).

Daar is heelwat vrae en onsekerheid vanuit die gemeente oor die vraagstuk hoe die kerk gehoorsaam aan die wil van die Here funksioneer onder die huidige omstandighede. Is ons hierin meer gehoorsaam aan die owerheid (regulasie) as aan God self?

Laastens moet ons besin oor ons rol in die samelewing en hoe ons, ons boodskap uitdra aan die wêreld, die regering en ander Christene. Het ons al besin waarom die huidige omstandighede oor die wêreld gekom het – verootmoediging?

2. Opdrag

“U opdrag as kommissie is om die volgende te ondersoek:

- 1. Wat is 'n erediens?*
- 2. Is die samekomste op die wyse wat ons dit tans doen (tydens grendelfase) gehoorsaam aan die opdrag van die Here?*
- 3. Hoe kan ons as gemeente saam met ander gelowiges onder hierdie omstandighede steeds ons stem onder(sic) laat hoor?*

3. U kommissie

Oudl Gerben Boersema (S)
Oudl Bernhard Boersema
Ds Chris Botha
Diaken Erik Visser
Oudl Arend van de Wetering
Gekoöpteerde lid, Br Willem Pretorius

4. Werkswyse

U kommissie het hul aanstelling per skrywe gedateer 14 Julie 2020 vanaf die Skriba ontvang en het daarna vier maal bymekaar gekom vir werksessies:

Dinsdag 21 Julie 2020 (pastorie)
Dinsdag 28 Julie 2020 (konsistorie)
Dinsdag 4 Augustus 2020 (konsistorie)
Dinsdag 11 Augustus 2020 (konsistorie)

Die sameroeper het 'n studieraamwerk ¹opgestel en gesirkuleer waarop studieverde afgebaken is wat deur verskillende kommissielede ondersoek is. Studiestukke is opgestel oor die betrokke studieverde vir bespreking tydens die genoemde vergaderingsgeleenthede.

U kommissie het 'n studiestuk van die pen van Br Willem Pretorius ontvang en dit wys geag om die broeder as lid te koöpteer.

5. Beredenering

5.1. Agtergrond

As Gereformeerdes is ons bewus daarvan dat ons onder die gesag van die vierde gebod en van die tien gebooe in geheel staan en van die onderwysing van die hele Skrif. Dit is daarom mede die krag van hierdie gebod dat ons Sondag vier as die dag van die opstanding van onse Here Jesus Christus.

Dit is ons verlange om steeds beter te verstaan hoe die Sondag deur Hom aan ons geskenk is tot verlossing en tot heiliging van al die dae van ons lewens, en hoe ons hierdie besondere dag in ere hou, ook in hierdie buitengewone tyd van die COVID-19 grendelfase.

¹ A1 – Studie Raamwerk

5.2. Wat is 'n Erediens?

Om enigsins vanuit 'n skriftuurlike basis te kan redeneer oor die manier waarop ons erediens hou in hierdie tyd, moet daar eers bepaal word wat die wese van 'n erediens is en waarom ons elke Sondag doen wat ons doen. Die liturgie (dit wat ons doen in die erediens) word bepaal deur die karakter van die erediens en die erediens word bepaal deur die karakter van die kerk.²

5.2.1. Wat is Kerk?

Ons glo en bely dat Jesus Christus die hoof is van sy Kerk. Hy is die begin- en die eindpunt daarvan (Alfa en Omega). Dit word bevestig wanneer Hy sê: "*Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.*" (Joh 2:19)

Die kerk is die gemeenskap van die heiliges,³ sy uitverkore volk wat saamkom (Hand 1:13, 2:1). Dit is *Ecclesia Christi* – die kerk van Christus. Alhoewel ons uit verskillende lede bestaan in een liggaam (I Kor 12:12) en ons nie noodwendig altyd bymekaar kan wees nie, word ons steeds gereken as een gemeente (kerk) (Hand 2:46, 8:1, 11:22, 15:4). Ons is altyd kerk van Christus, nie net wanneer ons bymekaar kom nie.

Die kerk word nie gedefinieer deur 'n fisiese plek of gebou nie. Die vroeë Christene het vir die eerste 250-300 jaar na Christus glad nie kerkgeboue gehad nie. Hulle het bymekaargekom in die huise van gemeentelede soos bv. Priscilla en Aquila (I Kor 16:19), Filemon (Fil 1:1-2) en Lydia (Hand 16:40).

5.2.2. Wat hou liturgie in?

Liturgie is dienswerk en vra elke lidmaat se volle aandag en deelname aan die erediens. Liturgie stam van die Griekse woord *Leiturgia* [diens aan die staat/kerklike diens], van *Leitourgos* [werk verrig/ dienaar van God/ priester] en hierdie woord spruit uit die samevoeging van twee woorde; *leitōs* [van die volk] en *ergon* [werk], dus om te doen (werk verrig).⁴

Die liturgie van die kerk is dus nie bloot die program van die konsert wat nou voor ons oë gaan afspeel nie. Nee, dit is die orde waarvolgens ons deel is van hierdie handeling, om te doen, dienswerk te verrig en daarvan die woord erediens. Die liturgiese handeling wat ons doen tot eer van die Here. Aktiewe deelname.

² Van der Walt, Soek die Here in sy tempel, 1982:6

³ Apostoliese Geloofsbelydenis

⁴ Van Dale, Groot etymologiese woordenboek, 2015:516

Die eerste bekeerdes het volhard in:⁵

- **die leer** van die Apostels
- en in die **gemeenskap**
- en in die **breking van die brood**
- en in **gebede**

die eerste NT liturgie.

5.2.3. Wat is 'n Erediens:

5.2.3.1. Onder normale omstandighede

Inleiding

Wat is 'n erediens? Beter gestel; wat is 'n gereformeerde erediens? 'n Paar jaar terug sou hierdie vraag nie nodig gewees het nie, maar met die tyd word die kerk (liggaam van Christus) gekonfronteer met soms uiters moeilike kwessies waarop die profetiese stem nie stil mag wees nie. Dit is veral wanneer daar van die kerk gepraat word dat die gesprek sy klimaks kry wanneer dit by die erediens kom. Die rede is sekerlik voor die hand liggend – dit is waar die Ekklesia bymekaar kom om in die teenwoordigheid van die Here te wees in gehoorsaamheid van Hom wat ons daarheen roep. Hierdie studie sal niks nuut vervat nie maar ons in wese net terugneem na ou waarhede en verstaansbegrippe soos deur die jare heen beredeneer.

Midde die pandemie (COVID-19) waarin die kerk homself bevind en met die beperkinge wat aan die kerk gestel is, het dit die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar genoop om die vraag weer te vra: Wat is 'n gereformeerde erediens?

Wanneer 'n mens die sosiale media dophou is dit duidelik dat daar geweldige verwarring bestaan rakende die essensie van 'n gereformeerde erediens. Wanneer is dit dus 'n erediens en of wanneer is dit slegs 'n uitsaai diens? Is daar 'n verskil?

Dit is nou byna honderd jaar gelede dat A Kuyper sy waardevolle boek oor die erediens begin met 'n klag. Hy verwoord die gevoelens van vele ander oor die besef van wat die Christelike erediens is of beter gesê behoort te wees: "*Jarelang heerschte op dit punt grenzenlooze verwarring, ...*".⁶

Om as kerk reformatories te wees is dit tog belangrik om na die ontstaansgeskiedenis van die gereformeerde erediens te gaan kyk.

⁵ Hand 2:42

⁶ Kuyper 1911:7

Dit is hier waar Bekker se benadering **Historiese afkoms van die gereformeerde erediens**⁷ aan die orde kom. Ons verwys u na die volledige studie hierby aangeheg.⁸

Christus roep ons tot sy gemeente, wat sy liggaam is. Die gemeente bestaan nie uit individue nie, maar dit is die liggaam van Christus, deur die krag van die Heilige Gees saamgestel uit baie lede (liggamsdele). Wanneer die Verlosser ons tot sy gemeente roep, is daar geen plek meer vir individualisme nie.⁹

Eksegese Matt 18:20

Laat ons vir 'n oomblik stilstaan en vir volledigheidshalwe, in verband met die samekomste in sy Naam, ook eksegeties kyk na die woorde van Matt 18:20. "*Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.*"

U word verwys na die volledige eksegese hierby aangeheg.¹⁰

Uit die studie is dit duidelik dat dit hier nie gaan oor gelowiges se samekomste nie, maar vanuit die konteks oor kerklike dissipline.

Wanneer daar twee of meer betroubare getuies is, sal 'n saak vasstaan.

Hierdie teksverwysing pas dus nie in die studie oor die Erediens nie.

Erediens is 'n gesprek tussen God en sy Kerk wat moet geskied in gees en in waarheid (Joh 4: 23-24). Die hele hart moet in die handeling betrokke wees, maar ook in volle harmonie met die waarheid van wat in God se woord staan.¹¹

Die erediens gaan in huise en in die binnekamer van die gelowige voort, as uitvloeisel van die samekoms van die gemeente as volk van God. Die gemeente tree op 'n bepaalde manier toe, kom saam of konstitueer om God te ontmoet (Heb 10:23, NGB artt 27-32).

⁷ Die Beleving van God se Teenwoordigheid in die Erediens, TN Bekker, 2008

⁸ A2 – Die wese van Erediens

⁹ A4 - Rapport Deputaten Vierde gebod en Zondag, GKN, 2005:5

¹⁰ A3 – Matt 18

¹¹ Van der Walt, Soek die Here in sy tempel. 1982:14

Die volgende karakertreкке van die erediens kan onderskei word:

Die erediens is 'n vergadering

- ...nie 'n blote versameling van gelowiges nie, maar 'n vergadering van gelowige lidmate van die plaaslike kerk
- Sondag 38 "...met die gemeente van God ywerig opkorn" gee uitdrukking aan 'n staat van ingeplant wees, lid in die liggaam wees. (geënte lote). Daarom nie die gebou bepalend nie, maar die gemeente.

'n Erediens is 'n samekoms van die gemeente met God

- Die gelowiges tree in die erediens in gemeenskap met God. Elkeen doen dit persoonlik, maar tegelykertyd doen almal saam dit in die eenheid van die geloof.
- Tabernakel = Plek van samekoms. "*Samekoms*" dui hier nie op 'n daadwerklike teenwoordigheid van die hele volk nie, maar op die tussenganger wat vir die volk optree.¹²
- Die vergadering van die gemeente is eers erediens wanneer dit inderdaad samekoms met God is. Nagmaalsformulier: "*Om dan nou met die ware hemelse brood, Christus, gevoed te word moet ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn verkleef bly nie, maar ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus ons Voorspraak (παράκλητος) aan die regterhand van sy Vader is.*"

Die erediens is 'n samekoms met Christus

- Sondaars wat glo, tree die erediens in as heiliges – geheiligdes in Christus Jesus.
- Gelowiges vergader hulle in gemeenskap met God wat 'n verterende vuur is in die eenheid van lewensgemeenskap met Christus.
- Buite Christus is daar geen geheiligdes, geen gemeente, geen erediens, geen gesëende ontmoeting met God nie, maar slegs oordeel en verdoemenis.

'n Erediens is 'n fees

- Dit is waar solank die feesvreugde in God en tot sy eer is.
- Paulus sê: "*Verbly julle in die Here.*"¹³

¹² Van der Walt, Soek die Here in sy tempel. 1982:10 asook Lev 16:2 en Ex 25:22

¹³ Flp 3:1, 4:4

Die erediens is waar

- Samekoms moet altyd geskied "*in gees en in waarheid*".
- Ware erediens is daar waar 'n mens deur Christus geleer het om God as Vader te dien. So 'n ware aanbidding in 'n erediens geskied "*in gees en in waarheid*". In die konteks het Jesus twee sake beklemtoon:
 - erediens word nie beperk deur fisiese oorwegings nie, bv. op watter plek dit geskied.¹⁴
 - die erediens geskied in 'n gees van waarheid, dws met helder en egte kennis van God sodat die hele hart in die handeling betrokke is en in volle harmonie met die waarheid wat in God se Woord staan.
- 'n Erediens wat "*in gees*" plaasvind is dus nie gebonde aan plek of voorwerpe nie.
- Die handeling self is inderdaad erediens – dus: **om God te eer**.¹⁵
- Die ware aanbidders wat geestelik hul eer aan God gee mag so genoem word, omdat hulle wat Hom op hierdie wyse dien waarlik gemeenskap beoefen met God, want God soek sulke aanbidders. Dan is daar aksie van God na die mens toe. Daar staan nie dat God die mens soek omdat die mens God op die regte wyse dien nie. Daar staan dat God eers deur Jesus se mond leer en daarna oproep om in gees en waarheid te aanbid. Waar God die ware erediens laat ontstaan, daar woon hy ook. Dit kan dus nie op een enkele perfekte vaste plek of gebou wees nie, maar om waar te wees moet die erediens in alles beantwoord aan die doel om God te verheerlik en tot stigting van die gemeente te wees.
- Objektief – Skriftuurlikheid
- Subjektief – Eg, begrypbaar en eenvoudig ¹⁶

Die erediens is aanbidding

- Aanbidding dui hier nie net op gebede nie, maar op die liturgiese diens in die erediens.

Vanuit die Skrif sien ons dus dat 'n erediens die volgende liturgiese orde en kenmerke besit:

- God maak dit bekend dat Hy op 'n baie besonderhede en spesifieke wyse teenwoordig is, daar waar sy gemeente bymekaarkom en so ook antwoord op hul gebede.
- Die seën word uitgespreek.

¹⁴ Van der Walt, Soek die Here in sy tempel. 1982:14, Joh 4:21

¹⁵ Grosheide 1950:298

¹⁶ Bevestigingsformulier VDM punt 1

- Ons staan onder die wet.
- Verootmoediging en belydenis van geloof.
- Daar moet geoffer word – In Christus is hierdie Ou Testamentiese seremonies vervul en is Hy nou vir ons 'n Voorspraak wat by die Vader vir ons intree.¹⁷
- Ontvang vergewing en vrypraak.
- Die gemeente verenig in gebed voor die Here en bid om die verligting van die Gees (*epiklese*); om
- die Woord van die Here wat verkondig en uitgelê word te hoor.
- Gemeente antwoord met 'n dankgebed en in voorbeding vir alle owerhede, asook smeking vir die nood van almal; en
- daar word lofsange gesing tot eer van die Here.
- Liefdesgawes word opgeneem om so ook gemeenskap van die gelowiges te kan uitleef.
- Sakramente word bedien tot versterking van ons geloof.¹⁸
- Daar is baie pertinente ampte teenwoordig in 'n erediens, soos die ouderlinge en diakens.¹⁹

Die Skrif leer dat die samekoms van God met sy gemeente, en van die gemeente met God en met mekaar, 'n ontmoeting moet wees met liturgiese handeling wat daartoe dien dat almal God deur sy Woord en Gees (Joh. 4:23) ontmoet, aanbid, verheerlik, eer en dien.

Die liturgiese gang vir die erediens bevat die volgende hoofmomente:

- Die Ontmoetingsdiens (*Introitus*);
 - Votum
 - Groetseën
 - Lofliedere
 - Geloofsbelydenis
- die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens;
 - Afkondiging van die wet as reël vir die dankbaarheid vir die versoende volk met God
 - Skuldbelydenis van die gemeente
 - Vergewing van God

¹⁷ NGB Art 25 / NGB Art 26

¹⁸ Hand 2:42 / NGB Art 33

¹⁹ NGB Art 30, I Kor 12:28

- die Woorddiens;
 - Gebed om verligting van die Gees
 - Selfstandige Skriflesing (“Leesgedeelte”)
 - Skriflesing waaruit die preek kom (“Teks”)
 - Prediking
 - Sakramente

- Antwoorddiens (*Responsoria*);
 - Gebed
 - Christelike handreiking
 - Lofsang
 - Die “Amen” aan die einde is die volk se instemmende belydenis en bevestiging

Weens die verduisterde verstand en hart van die mens en weens die Goddelike aard van die Skrif moet gebid word dat die Woorddiens waarlik opening, ontsluiting en toepassing van die Woord sal wees, en dat die gemeente die Woorddiens as Woord van God sal aanneem en dat die Woord vrug sal voortbring.

Die Woord van God kom met krag omdat dit bewerk wat dit verkondig, naamlik redding van mense en bevryding van sonde en doodsmagte, tot eer, lof, dank en diens van God.

As ons al hierdie kenmerke afsonderlik sien, dan kan dit nie `n erediens wees nie. `n Gebed op sy eie, bly net `n gebed. Die sing van `n Psalm of luister na `n preek, maak nie `n erediens nie.

Kuyper noem dat die “*los wees van 'n gebou die byeenkoms karakteriseer as 'n vergadering wat gemaak en bepaal word nie deur mure maar deur die aanwesigheid van die lede van die gemeente.*”²⁰

Dit is dus nie bloot die daad of net die samesyn nie, die samesyn tesame met die liturgie, moet geskied in gees en waarheid. Dan is dit waarlik erediens.

Dit is duidelik dat die erediens met sy liturgie nie sommer maar filosofies ontwikkel het nie, maar met die spesifieke doel dat gelowiges saam kom om God te ontmoet op die wyse waarop Hy dit in die openbaring van sy Goddelike Woord aan sy kinders beveel het.

²⁰ A. Kuyper (1911, p.17v)

Eenvoudig gestel: God gee self die huisreëls vir 'n gesamentlike ontmoeting van Hom met sy volk.

5.2.3.2. Nou in COVID-19 Grendelfase

Tydens die skryf van hierdie verslag het die volgende gegeld; die Kerkraad van die GK Die Kandelaar het die besluit geneem om die Regulasies, soos gepromulgeer deur ons regering te gehoorsaam, wat betref die praktiese erediensreëlings.²¹

- Dit het onder andere die volgende ingehou: Eredienste word beperk tot 50 lidmate in totaal. Lidmate word vooraf gekontak om te hoor of hulle die erediens wil bywoon, waarna hul name dan op 'n register geplaas word.
- Elke lidmaat moet 'n vraelys invul, waar onder andere gevra word dat indien die lidmaat ly aan sekere simptome (wat kenmerkend van COVID-19 virusinfeksie is), word die lidmaat versoek om nie na die erediens te kom nie.
- Lidmate word verbied om hardop te sing en word versoek om in hul harte saam te sing.
- Gemeentelede word versoek om nie voor of na die erediens te kuier nie.
- Die sakrament van die Nagmaal word nie bedien nie.

Al die bepalings hierbo gemeld is inperkend van aard op die normale gang van Eredienste in die kerk. Ons kan dus met duidelikheid konstateer dat die huidige situasie soos hierbo weergegee nie normaal is nie, en ook nie voldoen aan die voorskrifte van hoe ons normaalweg in gehoorsaamheid kerk toe gaan nie. Dit is daarom belangrik om vanuit die Woord van God te ondersoek of die kerk onder die gegewe omstandighede hoewel anders tog steeds die oproep van ons Here Jesus opvolg in gehoorsaamheid of nie.

5.3. Wat eis God van ons?

5.3.1. Die wet of Dekaloog (tien geboie)

Die hermeneutiek van die Wet van God dateer terug na die paradys. Daar het ons reeds die eerste twee interpretasies van die Wet van die HERE gekry. Sedertdien is dit ook hierdie twee interpretasies wat geldend gebly het. Die een is die interpretasie wat vra hoe kan ek dit wat God beveel so goed as moontlik doen soos Hy dit wil hê, die ander

²¹ Notule: Breë kerkraadsvergadering 15 Junie 2020

interpretasie is die twyfel-interpretasie wat God se motiewe bevraagteken en sy woorde omdraai en vra hoe kan ek te werk gaan om tog dit wat God beveel nie na te kom nie.

Met die wet word die Tien Gebooe bedoel (die Dekaloog), asook die hele wet van Moses (die Tora). Uit die lewe en werk van Jesus Christus hier op aarde blyk dit duidelik dat Hy die wet erken en gehoorsaam het. Van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe (Gal 4:4-5).

Sy versoeningswerk behels onder meer dat Hy as regverdige mens in ons plek die wet volmaak gehoorsaam het sodat Hy as ons Geregtigheid sy verdienste ons kan toereken (NGB art 22, HK Sondag 5,6).

In Matt 15:17 fokus Jesus op sy verhouding tot die wet: "*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet en die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.*" Die vervulling van die wet beteken dat Hy aan die wet deur woord en daad die regte inhoud gee.²²

Die dubbele gebod van die liefde is die samevatting van die wet en die rooi draad deur al die gebooe (Matt 22:27-40, Rom 13:8-10).

Die **liefde tot God** as die hoogste gebod kry gestalte in die samekomste van die gemeente met hul Heer. In die samekomste bied die bruid haar aan, aan Hom wat haar Hoof is, die Bruidegom.

Die **liefde tot die naaste** kom tot uitdrukking in die wil om saam te kom as gemeente wat die naam dra; liggaam van Christus. Die gebod spoor ons aan om die byeenkomste nie te versuim nie, maar mekaar vurig aan te spoor om dit gereeld by te woon (Heb 10:25).

Moses trek die strekking van die eerste vyf boeke van Moses (Gen-Deut) saam in een laaste vermaning. Deut 4:10b "*...om die HERE te vrees, al die dae wat ons op die aarde lewe en dit aan ons kinders te kan leer.*"

5.3.2. Die 1^e en 2^{de} gebooe ²³

1^e Gebod - *Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.*

[Exodus 20: 3, Deut 5:7, HK Sondag 34]

Die eerste gebod word nader verbind met Deuteronomium 6-11. Hierdie hoofstukke verkondig dat God ons eerste Prioriteit asook die finale Gesag

²² Ridderbos 1972:258

²³ A5 – 1e & 2e gebooe

is en moet wees, en dat ons aan Hom voorrang en gehoorsaamheid verskuldig is.

Daar is twee regstreekse stellings van God se gesag in hierdie afdeling;

- Die eerste is in Deuteronomium 6:4 waar die welbekende woorde staan: "*Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE.*"
- Die tweede regstreekse stelling is in Deuteronomium 10:17 "*Want die HERE julle God is die God van die gode en die HERE van die here; die grote, magtige en gedugte God wat die persoon nie aansien en geen geskenk aanneem nie.*"

Ons moet die eerste gebod verstaan om later die vyfde gebod reg te kan verstaan, want die gesag begin by God self wat sy instruksie, ordenansie aan mense gee om te regeer. Eerste die profete, dan die priesters, die konings, ouers, regerings, kerkraad ens.

Menslike gesag moet egter eerbiedig word deurdat hulle moet dien as 'n belangrike skakel waardeur God se bevele tot sy mense gekommunikeer is. Aan die ander kant is dit die verantwoordelikheid van die menslike gesagspersone om nie hulle ampte te misbruik deur perspektief op hulle eerste taak te verloor nie.

Dit is nie moontlik om aan die regering meer gehoorsaam te wees as aan God nie, want alle gesag begin by God en ook onderhouding van die vyfde gebod is gehoorsaamheid aan die wil van God.

2^{de} Gebod – Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloesse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en (maar) ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My gebooi onderhou.

[Ex 20:4-6, Deut 5:8-10, HK Sondag 35]

Die tweede gebod word sigbaar in Deuteronomium 12:1-32 gereflekteer. Die sleutelvers is vs 4: "*So mag julle nie doen met die HERE julle God nie.*"

Wanneer ons toelaat dat vrees ons lewe oorheers dan neem dit die plek in wat aan God behoort. Dit gebeur op twee maniere; ons stel dit waarvoor ons vrees bo God, en ons verloor ons vertrouwe op God.

Ou Testamenties moes die volk opkyk na die koperslang en nie uit vrees afkyk na die slange op die grond nie, hul vertrou op God alleen stel, daardeur kry ons die lewe, daar sonder die dood.

Nuwe Testamenties moet ons, ons oë rig op Jesus Christus aan die kruis wat vir ons die ewige lewe verkry het deur sy soenverdienste en opstanding uit die dood. Buite Hom is daar geen lewe nie.

Kleingeloof is sonde en keer die aangesig weg van God, ook as ons bang is vir die Corona virus mag ons tot Hom gaan en ons vrees voor sy voete neerlê.

Een mens lijdt dikwijls 't meest door 't lijden dat hij vreest, doch dat nooit op komt dagen. Zo heeft hij meer te dragen dan God te dragen geeft. Het leed dat is, drukt niet zo zwaar als vrees voor allerlei gevaar. Doch komt het eens in huis, dan helpt God altijd weer en geeft Hij kracht naar kruis. Nicolaas Beets

5.3.3. Die 4^{de} gebod – *Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie.*

[Ex 20:8-11, Deut 5:12-14, HK Sondag 38]

Ons glo en aanvaar alle gebooue is steeds van krag. Is die vierde gebod nog van krag? Ons onderhou nie meer die Sabbat nie, ons gedenk Opstandingsdag.

Die optrede van Jesus op die Sabbat, sy uitleg van die Sabbatsgebod en sy verlossingswerk is die vertrekpunt vir die verstaan van die ware betekenis van die Sabbat in die Nuwe Testament.

Al die lyne van die Sabbatsgebod in die Ou Testament wys heen na Christus en vind in Hom die ware vervulling. Die rus waarom dit in die Sabbat gaan is 'n afskaduwing en vooruitwysing na die ware rus in Christus. Met hierdie ware rus word bedoel die verlossing van die slawerny van die sonde; die bevryding van die sondeskuld en straf; die rus van die bose werke en van elke poging om self hierdie rus te probeer verkry. Hierdie rus is nie net vir 'n bepaalde dag nie, maar vir alle dae.

Die Ou Testamentiese Sabbat is vervul en nou is Jesus die Sabbat vir elke gelowige.

Jesus het die wet, ook die Sabbatsgebod, erken en onderhou. Deur sy optrede en prediking interpreteer Hy die Sabbatsgebod egter vanuit die nuwe bedeling wat met sy koms aangebreek het. Nie wetties met laste

en dwang soos deur die Jode nie, maar as voorreg tot seën en vreugde van die mense.

Deur sy leringe op aarde wys Hy ons wat die ware doel en vervulling van die Sabbat is. Hy is die ware rus en wie in Hom glo, kry aan die ware rus deel en is besig om die Sabbatsgebod te gehoorsaam.

Paulus verwerp die dwaling, dat die verlossing van Christus nie genoegsaam is nie en dat dit vir jou saligheid noodsaaklik is om bepaalde kos en drank na te laat en om die feeste waaronder die Joodse Sabbat te onderhou, met groot krag (Kol 2:16-19).

"Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder die slawejuk laat indwing nie." (Gal 5:1)

Matt 28:7 Proklamasie van die opstanding van Christus.

Eerste dag van die week. Christus openbaar Hom op die eerste dag van die week (twee keer) aan die dissipels.

Christus beloof verskeie kere dat sy Gees sal kom. Sy Gees word uitgestort waar hulle op die eerste dag van die week bymekaar kom.

God self stel die nuwe orde in. Pinkster val op Sondag.

Hand 20:7 en 20:16-17 dui aan dat die dissipels lank na Hemelvaart steeds saamgekom het op Sondag.

Ons vier en herdenk die ontstaan van die Nuwe Testamentiese kerk op die dag waarop Christus opgestaan het en op die dag wat sy Gees uitgestort is om die kerk in staat te stel om kerk te wees. Nou as gemeente, as Strydende kerk tot in die Ewige rus as Triomferende Kerk. (Openbaring 7: 15)

Wat leer ons spesifiek oor die erediens uit die vierde gebod?

HK Sondag 38 – Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom;

- om die Woord van God te hoor,
- die Sakramente te gebruik,
- die Here openlik aan te roep en
- die Christelike liefdesgawes te gee.

En verder moet ek elke dag van my lewe van my bese werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige Sabbat reeds in hierdie lewe. Die Nuwe Testament beskryf die rus wat ons ontvang deur Christus, maar die vierde gebod of sabbatswette word nêrens aangehaal as rede tot onderhouding nie.

Inteendeel onderhouding van sabbat as 'n dag word afgewys. (Kol 2:16-17)

Matt 12:1-8 Christus wys die oorgang van die ou bedeling na die nuwe bedeling van DIESELFDE verbond:

- Jesus pluk en eet koring terwyl Hy op die sabbat reis - Jesus verwys na Dawid wat van die toonbrode geëet het.
- Jesus maak doelbewus mense gesond op die sabbat.

Mark 2:27 Seun van die mens is ook Here van die sabbat. Sabbat is vir die mens en nie die mens vir die sabbat nie.

Heb 4:8-9 God se Rus kom nie deur Moses of Joshua nie, maar deur Christus. Ongeloof verdryf ons rus op aarde maar ook die Ewige rus.

Kol 3:15. *"En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar."* Hierdie teks verwys na die *"vrede van God"*, sy shalom waarvan ons lees in Matt 11:28 *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."* God se ewige rus – shalom.

Eksegeties moet ons dit alles in die konteks lees waarin dit staan – *"My juk is sag (lê gemaklik) en my las is lig."* (Matt 11: 30)

Die Christus wat gekom het (Matt 12: 6) vra barmhartigheid en nie offerande nie! (Matt 12: 7) Pas op vir die wette en juk van die Fariseërs.

Die onderhouding van die sabbat op die sewende dag was deel van die ou bedeling. 'n Afbeelding van die ware rus wat verlore gegaan het, maar wat in Christus herstel word. Die groter belang is die beginsel van die sabbat. Ons moet rus van ons werk en sondige natuur sodat God in ons kan werk.

Ons erken en bely dus die geldigheid en relevansie van die vierde gebod ook vir ons vandag. As ons die gebod moet onderhou, dan moet ons ook die opdrag daarin onderhou.

Die Nuwe Testamentiese kerk kan met sekerheid weet dat die Erediens beveel word in die vierde gebod.

5.4. Hoe moet ons gehoorsaam wees aan die gesag oor ons?

5.4.1. Die 5^{de} gebod verklaar vanuit Rom 13:1-7²⁴

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.

"...en almal wat oor my aangestel is, alle eer, liefde en trou bewys." "Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer."

[Ex 20:12, Deut 5:16, HK Sondag 39]

Rom 13:1-7

1 LAAT elke mens hom onderwerp...

Paulus voel gedwonge om sorgvuldig te handel oor die instelling van die Christelike lewe. Daar is altyd diegene (oproerige geeste) wat oordeel dat die koninkryk van Christus nie behoorlik opgerig kan word nie alvorens die aardse magte ontsetel is nie. Hulle meen dat ons nie die vryheid wat Christus vir ons gekoop het en sy sagte juk kan geniet solank ons onder 'n ander aardse heerser gebuk gaan nie. Veral by die Joodse lidmate was daar 'n sterk gevoel dat die aardse heersersjuk afgeskud moes word, omdat hulle reeds 'n vry volk was voor die koms van die verlosser en nou soveel meer na sy koms. Hulle is immers die nageslag van Abraham. Hoe kan hulle 'n heerser dien wat hul ware Heerser Jesus Christus nie net ontken nie, maar selfs aktief vervolg. Christus is immers die enigste Heer van hemel en aarde en hulle wil Hom sy koninkryk ontnem.

Hierdie problematiek in die kerk het Paulus daartoe genoop om die gesag van die owerheid te bespreek in die Romeine brief. Paulus stel dus ten eerste 'n kort, bondige voorskrif wat hy later sal uitbou en verklaar: "...elke mens moet hom onderwerp...", kort en kragtig.

Ons het hier te make met 'n uitdruklike voorskrif van God – die vyfde gebod. Hierdie gebod val ook nie uit die lug nie, maar het 'n bepaalde konteks in die Bybel. Dit is deel van die wet, die tien gebooe, dekaloo. Moses vat dit saam in sy laaste onderrigting en opwekking van die volk in Deuteronomium. In Deut 4:44-11:32 gee Moses 'n vermanende rede waarin die volk gewys word op hulle verpligting om aan die verbond gehoorsaam te wees en dit te onderhou. Moses begin deur te herinner

²⁴ A7 – Rom 13

aan die verbondsluiting by Sinai waarvan die tien gebooe die grondwet is.²⁵

"...aan die magte wat oor hom gestel is..."

Hier word nie verwys na die oppermag van God in die hemele nie, maar na alle aardse mag wat oor ons heers.

Paulus gaan doelbewus nie in op die kwelvraag by watter gesag hierdie bevelhebbers dan oor die onderdane regeer nie. Hy aanvaar hul gesag outomaties sonder teësprak of vraag.

Dat hulle oor ons heers is aan hulle opgedra deur die hand van die Here self. Paulus gebruik "*...elke mens...*" en dit neem die moontlikheid weg dat enigiemand amnestie kan kry of homself van hierdie gesag kan verskoon. Geen uitsondering of verskoning vir hierdie oproep tot gehoorsame onderwerping nie!

"...want daar is geen mag behalwe van God nie..."

Alle owerhede regeer kragtens die wil van God; as dit die Here dan behaag het om die wêreld so te regeer, **verag elkeen wat die orde van God probeer omkeer en so God self weerstaan, sy gesag;** want om die voorsienigheid van Hom wat die begronder van die staatkundige reg is, te verag, beteken **om die stryd met Hom op te neem.**

Maghebbers is van God, maar nie in dieselfde sin as pes, hongersnood of oorlog en ander strafbesoekinge van die sonde waarvan gesê word dat dit van God afkomstig is tot tug nie.

Ook tirannieë en onverantwoordelike regeringsmagte wat vol van hulself is en dus nie ordelik regeer nie, het steeds die reg van heerskappy deur God verordineer tot heil van die menslike geslag.

Teenoor oorloë wat ons wel mag afweer gebied Paulus dat die reg en gesag van die owerhede, wat nuttig is vir die menslike geslag, uit eie beweging en vrywillig deur ons aanvaar en in stand gehou moet word.

Die strawwe wat God vir die sondes van mense oplê, sal ons nie na regte ordening kan noem nie, maar wel die middele wat Hy opsetlik ingestel het om die wetlike orde in stand te hou.

²⁵ Prof Dr G Ch Aalders, Dr A van Deursen, Prof Dr C van Gelderen, Dr W H Gispen, Prof Dr A Noordtjij en Prof Dr J Ridderbos 1935:438

2 Sodat hy wat hom teen die mag versit...

Niemand kan God weerstaan nie behalwe tot sy eie verderf. Paulus dreig dat hulle wat op hierdie punt die voorsienigheid van God teëstaan, nie ongestraf sal bly nie. Laat ons derhalwe gewaarsku wees, sodat ons, ons nie hierdie bedreiging op die hals haal nie. Met oordeel moet ons nie verstaan dat die aardse owerheid ons sal staf nie, maar juis die straf wat God toekom, Hy leer immers in die algemeen watter soort einde daar op hulle wag wat 'n stryd met God aanknoop.

3 Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang.

Dit gaan hier oor die guns of die straf van die wêreldse heerser, die owerheid, daarom hom met 'n kleinletter. Die Here wil op hierdie manier voorsien vir die rus van die goeies en die goddelose in toom hou. In albei hierdie dinge word die veiligheid van die menslike geslag gereël. God vra van ons dat ons hierdie redmiddel van die menslike geslag nougeset in stand hou en nie vyandskap met die menslike geslag verklaar nie.

Hy voeg by dat daar geen rede is waarom ons die owerheid sal vrees nie as ons goed is, dit is gehoorsaam wandel na die reg en wette van die regering. Dit is 'n stilswyende getuienis van 'n slegte gewete en van een wat iets verdorwe bedink as iemand hierdie juk wil afskud en van hom wil afwerp.

Wat nou as hierdie aardse heerser 'n slegte heerser oor ons is, dan is daardie mag die gesel wat die oortredinge van die volk van die Here straf, ons moet weet dat dit deur ons sonde gebeur dat die uitnemende seën van God vir ons in 'n vloek verander word.

Dit behoort maklik te wees om aan die owerheid gehoorsaam te wees as ons in gedagte hou dat dit wat sleg is daarin aan ons eie sonde toegeskryf kan word. Paulus voel dus aan dat 'n ordelike onderhouding van staatsbestuur na behore kan bestaan, naamlik die beloning van die goeie en die bestraffing van die misdadigers.

4 Want hy is 'n dienaar van God jou ten goede...

Hoewel die owerheid nie altyd noodwendig Godvresend is nie, is hulle steeds deur God aangestel, hulle regeer ook nie ter wille van hulself nie, maar ter wille van die openbare welsyn. Hulle het verpligtinge teenoor God en die mense. Hieroor sal hulle eenmaal aan God rekenskap gee.

Daar is baie voorbeelde in die profesie van Jesaja en ook in Jeremia; die Here het volke oor sy kinders laat heers weens hul eie ongeregtigheid. Dikwels was hierdie heerskappye hard en is die volk met die gesel getugtig. Ons dink aan die tyd in Egipte, Babel ens. Wanneer hierdie instrumente in God se diens hulle vergryp aan die mag kom hulle dag spoedig. Vergelyk die oordele en Godspraak oor Babel (Jes 13, 14, 21, 39 ens), oor Egipte (Jes 19, 20, 30, 31 ens), oor die Assiriërs, Filistyne, Moab, Damaskus, Edom, Arabië, Sebna "...daardie bestuurder wat oor die paleis aangestel is...", Tirus ens. Die eeuoue verbondsbegrippe; Belofte, Bevel, Bedreiging (die drie "B"s van die verbond) kom hier weer sterk na vore.

Die voorbeelde hierbo genoem verwys na aardse magte wat hul amp misbruik het en hul eie wil bo die van God gestel het, almal slegte vorste, magte, owerhede wat die Here as strafmaatreël ingespan het, maar ook later weens hul goddeloosheid vernietig het.

Daarteen staan bv koning Kores van Persie van wie ons lees in Jes 44, 45 ev. God kies Kores as sy dienskneg om die volk terug te lei en Jerusalem te herbou. God sê self van Kores: "*Hy is my **herder**, en hy sal alles volbring wat My behaag...*" (Jes 44:28), "*...**gesalfde**...*" (Jes 45:1) – hierdie terme is sinoniem met "messias/ christus" (LW met 'n kleinletter).

Verder sê die Here: "*Ek het hom verwek in geregtigheid, en al sy weë sal Ek gelykmaak; hy sal my stad bou en my ballinge loslaat...*" (Jes 45:13)

Hierdie man? Die koning van Persie? God se messias wat sy volk moet uitlei? Hoe kan dit, moet die volk hulle hieraan onderwerp en hieraan gehoorsaam wees?

Wie is ons om God se raad in twyfel te trek? Lees ook Jes 45:14b-16 onse God is 'n enige God wat Hom verborge hou wie se raad vir die mens onbegryplik is. Ja, die vyfde gebod eis dat ons gehoorsaam is aan die wat oor ons aangestel is. Sondag 39 antw 104: "*...Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid (lees eerbied) onderwerp. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê, omdat God ons deur hulle wil regeer.*" Dit geld in alle gevalle, sonder uitsondering en ons het geen reg om dit te bevraagteken of te verontagsaam nie. Dis duidelik dat dit oor God se eiemagtige wil gaan en ons moet dit gelowig aanvaar, selfs as daar 'n Persiese Kores oor ons heers (goed) of 'n Farao, Nebukadneser of wie ookal (sleg).

As dit goed is, sal ons te danke aan God se welwillendheid, deur die swaard van die heersers beskerm word teen die onregspleginge van misdadigers.

"...want hy dra die swaard nie verniet nie..."

Hul amp hou in die regeeramp met die swaard om ongeregtheid, ongehoorsaamheid, brutaliteit en alles wat nie in ooreenstemming met hul wette is nie te onderwerp met die nodige mag wat aan hulle gegee is.

"... 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf..."

Die owerheid is die skerpregter van die oordeel en wraak van God. Calvyn meen dat die feit dat God aan die owerheid die swaard gee, impliseer dan ook dat hulle die opdrag het om dit te gebruik. Wanneer die owerheid wyer of versuim om die doodstraf toe te pas, voer hulle volgens Calvyn 'n stryd teen God. ('n Onderwerp vir 'n ander dag.)

5 Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen terwille van die straf nie, maar ter wille van die gewete.

Nou kom Paulus terug op die voorskrif dat ons aan die owerhede gehoorsaam moet wees wat hy in vers 1 net gestel het, maar nou verder wil uitwerk. Ons gehoorsaamheid gaan nie daarvoor dat ons die owerheid vrees en daarom gedweë buk onder die juk nie. Nee, dit gaan daarvoor dat ons gehoorsaam wil wees aan die wil van God. Ons doen dit wat God van ons vra in gelowige gehoorsaamheid. Ons aanvaar dus nie gelate die onregspieginge omdat ons in elk geval niks daaraan kan verander nie. Nee, ons aanvaar hul mag oor ons vrywillig, uit die gewete wat deur die Woord van God op ons gebind word.

Dit is niemand geoorloof om hom/ hulle, wat die Here met gesag oor ons gestel het, van hul regeermag te ontnem nie, nie letterlik of indirek deur woorde, gedagtes of dade nie.

6 Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is.

Paulus verwys na belastings en lei die bestaansreg daarvan direk af van die amp self van maghebbers. As hulle die taak het om die rus van die goeies te beskerm en ongeskonde te bewaar, en om die misdadige pogings van die goddelose teen te staan, kan hulle dit nie doen nie, as hulle nie ondersteun word deur die mag en stewige vestingwerke nie. Belastings hou so hierdie noodsaaklike amp in stand.

Paulus maak duidelik dat hierdie middele openbare goed is en dat dit ten doel het om God se wil voortdurend mee uit te voer en nie is vir hul eie verryking nie.

7 Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is...

Hierdie laaste vers is die opsomming en samevatting van die hele gedeelte hierbo. Paulus wil kortliks saamvat waarin die pligte van die onderdane teenoor die owerhede bestaan, naamlik dat hulle dit na waarde skat en in ere hou, sodat hulle die belastings en tolgelde sal betaal. Met die woord vrees wil hy gehoorsaamheid aandui; met tolgelde en belastings alle inkomste verskuldig.

Hierdie laaste vers bevestig egter wat hy voorheen gesê het, dat konings en alle heersers deur ons gehoorsaam moet word, nie omdat ons gedwing word nie, maar omdat gehoorsaamheid vir God behaaglik is, want Hy wil dat hulle nie alleen gevrees word nie, maar dat hulle ook deur vrywillige eerbied gedien sal word.

Wil ons iemand waarlik en opreg eer, dan moet ons hulle ook groot en hoog ag. Ons Skepper het hierdie gebod gegee vir die hele wêreld, om daardeur die vermeerdering en onderhouding van die menslike geslag in te stel en te bewaar; dit wil sê, deur die gesinslewe en die burgerlike lewe. Sonder hierdie twee kon die menslike geslag nie bestaan nie. Sonder wetlike owerheid is daar geen reël en geen rus nie. Waar egter geen reël en geen rus is nie, gaan die gesinslewe ook tot niet. Hierdie gebod waak oor en beskerm sowel die gesinne as die burgerlike lewe.²⁶

5.4.2. Die 5^{de} gebod – Die uitsondering verklaar vanuit Hand 5:27-29²⁷

Die vyfde gebod, Sondag 39, Rom 13:1-7, die NGB art 36 leer almal dat ons aan die owerheid gehoorsaam moet wees as die gesag wat deur God self oor ons aangestel is.

Dit gaan hier om **die uitsonderingsgeval**, NGB art 36 "*...in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie...*"

Op die oog af is daar dus gevalle waar die wet, die vyfde gebod, nie nagekom moet word nie. Ons het reeds uit Rom 13 gesien dat God self die owerheid en magte oor ons ingestel het om ons te regeer. Dit is dus duidelik dat dit God self is wat ons regeer deur mense.

Dit is egter nie moontlik dat God teen Homself in opstand kan kom nie, Hy kan nie iets doen wat met sy eie Woord in stryd is nie. Hierdie spanning bestaan nie, dus kan daar gevalle wees waar die owerheid iets

²⁶ Maarten Luther – Mijn enige troost – 365 dagen met de Heidelbergse Catechismus. Den Hertog, Houten 2015:Zondag 39 (geen pagina nommers nie)

²⁷ A8 – Hand 5

van ons vra of iets verbied wat in stryd is met die Woord van God en dan bepaal die aanhaling uit NGB art 36 dat ons dit nie mag gehoorsaam nie.

Petrus en die ander apostels (waarskynlik insluitende Matthias wat in die plek van Judas verkies is in Hand 1) staan presies daar waar die Here Jesus kort tevore ook gestaan het, voor die Joodse Raad, die Sanhedrin.

Die klagstaat: *"Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie? En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul; en julle wil die bloed van hierdie Man op ons bring."* (Hand 5:28)

Die verweer: *"En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense."* (Hand 5:29)

Dit is 'n groot ding om te sê en mens moet baie seker wees voordat so 'n uitspraak ligtelik gemaak word, want dit gaan om die wil en die eer van God. Wat was hier die wil van God en opdrag aan die dissipels. Laat ons dit vasstel en dan teenoor die opdrag van die Sanhedrin stel om te toets wat die waarheid in hierdie geval was.

Dit is opvallend dat hierdie al die tweede keer is dat die apostels hulle op dieselfde manier teenoor die Sanhedrin verantwoord. In Hand 4:19-20 was dit minder direk as retoriese vraag: *"Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie."*

Met hierdie woorde stel Petrus duidelik die apostels se mening dat die Sanhedrin kwansuis die Here se sake hanteer, maar hulle staan teenoor God. Vir die apostels om God te kan gehoorsaam moet hulle aan die Sanhedrin ongehoorssam wees.

Die Apostels kondig dus 'n Reformasie aan met die volgende grondbeginsels:

- Ons mag ons nie sommer ligweg verset teen die gesag wat oor ons aangestel is nie.
- Dit is revolusie, teen God self.
- Die Here is nie 'n Voorstaander van revolusie nie.
- Die Here regeer ons deur die gesag van menslike instellings wat Hy oor ons stel, soos byvoorbeeld die regering.

Die apostels is nie besig met rebellie teen die Sanhedrin nie.

- Hulle staan vir die waarheid.
- Hulle verkondig dit met die vryheid wat hulle van die Here Jesus ontvang het – hulle word deur niks gebind of verbied om sy Woord uit te dra nie.
- Hulle wys die Sanhedrin daarop dat hulle, hulle aan die gesag van God behoort te onderwerp as hulle die saak van die Here wil dien – wat hulle veronderstel was om te doen.

Teenoor die opdrag van die Sanhedrin om nie "...in dié Naam te leer nie" staan die Here Jesus se direkte opdrag om dit wel te doen.

Matt 28:19 *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."*

*"God beveelt ons van Christus getuigenis te geven, daarom is het tevergeefs, dat gij ons beveelt om te zwijgen."*²⁸

Hier gaan dit dus ondubbelsinnig oor 'n gebod van die aardse owerheid wat in stryd is met die Woord van God, hieraan kan ons nie gehoorsaam wees nie en is ons selfs verplig om ons stem te laat hoor.

Die voorbeeld van Hand 5 is vir die kerk vandag 'n duidelike rigwyser om die bepalinge van die vyfde gebod volledig te ken ook in die uitsonderingsgeval waar die opdrag of verbod van die owerheid in stryd is met die wil van God.

Let wel! Hierdie Skrifgedeelte leer nie dat ons, ons teen die regering mag verset wanneer hulle verkeerd is nie. Nee, NGB art 36 en die HK Sondag 39 leer dat ons met hul gebreke geduld moet hê en hulle in gebed aan die Here opdra. Doen ons dit altyd?

5.4.3. Die 6^{de} gebod – Jy mag nie doodslaan nie.

[Ex 20:13, Rom 13: 8-14, Heb 12:15, Mat 5:22-26, HK Sondag 40]

Ons bely in die Heidelbergse Kategismus *"Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat beledig of doodmaak nie."* En verder *"Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie."*

²⁸ Johannes Calvijn – De Handelingen der Apostelen, Ds G Wielenga 1977:183

Ons verstaan die gebod van die Here nie net as 'n fisiese, jy mag nie iemand vermoor nie. As Christene dra dit vir ons nog 'n groter gebod as dit. Ons sien vanuit die Skrif dat God gevoelens soos, haat vir jou naaste, lastertaal en ander slegte gedagtes, by hierdie gebod intrek. Hy verbied afguns, haat en woede maar hy gebied dat ons ons naaste moet liefhê, beide is steeds bevele van God.

In ons huidige omstandighede en vir die doeleindes van hierdie verslag is die volgende gedagtes dus belangrik:

- God eis van ons om ons naaste in ag te neem. Dit sluit in hul fisiese gesondheid. Ons mag nie roekeloos handel met hierdie pandemie nie en moet dus alles in ons vermoë doen om verantwoordelik teenoor ons naaste op te tree. Daarom is dit belangrik om protokolle soos maskers, sanitering van ons hande ens in plek te hê.
- Om vir ons naaste om te sien sluit ook in hul geestelike gesondheid. Heb 12:15 stel "*en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie.*" Omdat ons almal saam een liggaam is, het ons die verpligting om, om te sien dat daar nie lede is wat veragter in die geloof of in eesaamheid leef nie.
- Ons mag nie die Here versoek nie. Ons sien dit duidelik in die teks van Psalm 91 dat ons op die Here moet vertrou dan sal sy engele ons behoed. Christus waarsku egter duidelik in Mat 4:1-11 om Hom nie te versoek nie. Ons moet dus in wysheid besluite neem en dit nie ligtelik opneem nie.

6. Bevindings

Ons bevind ons tans in buitengewone omstandighede te midde van 'n wêreldwye pandemie soos ons nog nie beleef het nie. Onder normale omstandighede weet ons almal wat die Skrif ons leer en wat God van ons vra oor enige aspekte van ons persoonlike-, geloofs- of kerklewe.

Weens die sonde in hierdie wêreld is daar baie probleme, die spreekwoordelike "dorings en distels" van Gen 3:16-18, pes, oorlog en die COVID-19 pandemie.

Dit is juis wanneer ons in onbekende vaarwaters beland dat dit baie wysheid, nugterheid en helderheid van verstand vra om, biddend voor die Here, die regte besluite te neem.

Hierdie studie gaan uit van die bekende, die kerk onder normale omstandighede en gee 'n duidelike verantwoording van die dinge wat ons glo, bely en uitleef ook in die gereelde eredienste. Vanuit die bekende poog ons om die huidige situasie beter te begryp en steeds te antwoord op die vraag; Wat vra die Here van ons, ook onder hierdie omstandighede.

Wanneer die kerkraad in verantwoordelikheid deur hierdie onstuimige waters koers hou en steeds rigting gee, dan sal die kerk ook hierdeur kom. *Ecclesia Christi Fluctuat non Mergitur*. Hierdie troosvolle belydenis hang in ons Narteks om ons altyd te herinner dat die Kerk van Christus wild op-en-neer dobber deur die storms van die lewe, dat ons nie 'n rustige vaart beloof is nie, maar wel 'n veilige aankoms, dit sink nie!

Bevinding 1

Ons gereelde eredienste soos ons dit onder normale omstandighede handhaaf op Sondaes, is in ooreenstemming met die Skrif en voldoen aan al die bepalings vir 'n erediens.

Bevinding 2

Christus het nie die wet ontbind nie, maar vervul. Deur die wet met die regte bril vanuit hierdie waarheid te lees help ons om ons roeping as kerk in die regte lig te verstaan.

Bevinding 3

Die erediens word beveel deur die 4^{de} gebod, maar kry 'n ander betekenis en inhoud vanuit die Nuwe Testamentiese perspektief. Ons word opgeroep om op die eerste dag van die week bymekaar te kom as kerk om die erediens te hou.

Bevinding 4

Die Here eis in die 5^{de} gebod gehoorsaamheid aan die owerheid in alles wat reg is en nie in stryd met die Woord van God nie. Die kerkraad van die GK Die Kandelaar het reg geoordeel en besluit om die eredienste te hervat binne die bepalinge van die regulasies van die heersende regering.

Die Here eis ook gehoorsaamheid van lidmate aan die kerkraad deur wie die Here sy kerk regeer.

Bevinding 5

Die uitsonderingsreël op die 5^{de} gebod, bepaal dat ons nie gehoorsaam aan die owerheid kan/ mag wees nie wanneer hulle iets gebied of verbied wat in stryd met die Woord van die Here is.

Die regering van Suid Afrika het baie foute en ons kan met baie dinge verskil, maar dit is die gesag wat God gekies het om oor ons te regeer.

Daar is egter niks in die maatreëls wat die regering getref het om die COVID-19 pandemie te bekamp wat in stryd met die Woord van die Here is nie. Ons word op geen manier verbied om ons geloof te beoefen nie. Die maatreëls het ten doel om die burgers te beskerm en dit is die taak van die owerheid.

Bevinding 6

Die wyse waarop ons tans kerk hou is nie ideaal nie (Dit sluit ook die uitstel van die Heilige Nagmaal in), maar hierin het die kerkraad die beste praktiese manier gevind om steeds *Ecclesia Christi* te wees. Daar bestaan tans 'n erediens soos wat die Woord van die Here dit vereis. God is in beheer van die alles, ook van hierdie pandemie en van die regering wat oor ons heers.

Hoewel ons dit eens is dat dit wat in die huiskamer geskied nooit per definisie erediens kan wees nie, is ons tot dieselfde mate oortuig en eensgesind daarvoor dat die lidmate wat, tans onder die huidige buitengewone omstandighede, tuis inskakel wel in die gees deel uitmaak van die erediens.

Bevinding 7

Vanuit die 6^{de} gebod weet ons dat ons, ons naaste se goeie reg in alles moet beskerm en verdedig. Dit sou nie in my naaste se belang wees as ons deur ons eie onverantwoordelike toedoen verantwoordelik daarvoor is dat ons naaste siek word of dat daar 'n uitbraak van siekte hierdeur ontstaan nie. Dit is ook nie tot eer van God as ons tot so iets aanleiding gee nie.

7. Aanbevelings

7.1. Die kerkraad neem kennis van die studiepunte 1 tot 5 asook die aanhangsels tot die rapport.

7.2. Die kerkraad neem die bevindings van punt 6 oor.

7.3. Die kerkraad stel die rapport met aanhangsels beskikbaar aan die gemeente.

7.4. Die kerkraad beantwoord die skrywe van die lidmaat in ooreenstemming met die bevindinge van punt 6.

- Die oproep om ongehoorsaam te wees aan die regering moet in liefde afgewys word. Ons kan nie teen die regulasies besluit om meer as 50 lidmate toe te laat, ons maskers af te haal, te sing en buite die kerk saam te kuier nie. Die wyksouderlinge kan 'n skrywe van die kerkraad met 'n begeleidingsbesoek afgee.
- In die lig van bogenoemde, wil die kommissie die kerkraad sterk aanbeveel om 'n liggende fakkel in die kerkverband, in ons land en teenoor die regering te wees. Daar moet daadwerklike aksies geloods word om die kerk se profetiese stem te laat hoor en om die regering tot verantwoording te roep vir enige moontlike dubbelsinnige en onsamehangende regulasies wat die kerk en die gemeente van Christus benadeel.

7.5. Die kerkraad het steeds die opdrag om die kerk te regeer en toesig te hou oor die kudde. KO artt 16 & 23. Ook wanneer lidmate weens die huidige omstandighede verslap of ontrou word moet ons leer, vermaan en versorg. Hierdie diens is nie aan een of twee toevertrou nie, maar aan al die ouderlinge saam.

8. Slot

In diepe afhanklikheid en gehoorsaamheid aan die Here van die kerk, wil ons steeds sy Bruidskerk wees ook as dit onder besondere omstandighede anders dan normaal gebeur. Ons is dankbaar vir die moontlikhede wat die tegnologie hierin bied.

Ons moet ons verootmoedig oor die huidige toedrag van sake in ons land, in die kerkverband, met die dreigement van 'n pandemie en 'n regering wat dikwels

fouteer. Ons word verder opgeroep om steeds te bid vir die regering, ons land en die kerk van Jesus Christus hier op aarde.

9. Bronnelys

- 9.1. Soek die Here in sy Tempel, Prof Jan J van der Walt, 1982
- 9.2. Johannes Calvyn se Kommentaar op die Brief van Paulus aan die Romeine, Prof Dr Stefanus Postma, 2008
- 9.3. De Gereformeerde Levenswandel, Ds WG de Vries, 1964
- 9.4. Het Kerkbegrip in de Theologie van Abraham Kuyper, Dr PA v Leeuwen, 1946
- 9.5. Die Belewing van God se Teenwoordigheid in die Erediens, TN Bekker, 2008
- 9.6. Verklaring van de Bijbel door Johannes Calvijn – De Handelingen der Apostelen, Ds G Wielenga, 1977
- 9.7. De Dingen die ons van God geschonken zijn, 53 Catechismuspredicatiën, Prof B Holwerda, 1975
- 9.8. Geschiedenis der Godsopenbaring – Het OT, Dr FL Bakker, 1939
- 9.9. Van Dale, Groot etymologisch woordenboek, 2015
- 9.10. Korte Verklaring der Heilige Schrift – Hebreeën, Dr FW Grosheide, 1953
- 9.11. Korte Verklaring der Heilige Schrift – Efeze, Filippenzen, Dr S Greijdanus, 1962
- 9.12. Sola Scriptura Deel 4: Matteus – Openbaring, Dr C van der Waal, 2006
- 9.13. Maarten Luther, Mijn enige troost (HK), HC van Woerden 2015
- 9.14. Romeine: Hartklop van die evangelie, A du Toit, 1983
- 9.15. Samevatting van Openbaring van Jesus Christus, Dr C van der Waal, Samevatting J Admiraal, 1979
- 9.16. Bijbelsch Handboek, Deel I Het Oude Testament, Prof Dr G Ch Aalders, Dr A van Deursen, Prof Dr C van Gelderen, Dr W H Gispen, Prof Dr A Noordtzijs en Prof Dr J Ridderbos, 1935
- 9.17. Gereformeerde Dogmatiek, Deel 4, Dr H Bavinck, 1930
- 9.18. Ad Hoc kommissie Erediens – Rapport van die Deputate Leerstellige Sake oor die verhouding Sondag en Sabbat (Artt 14, 23, 127, 132)
- 9.19. Besprekingsdokument GK Die Kandelaar – Sabbat/Sondag 'n Feesdag vir die Here (Argief dokument)
- 9.20. Rapport Deputaten Vierde Gebod en Zondag (Generale Synode van Amersfoort-Centrum 2005)
- 9.21. Hermeneutiek van die Wet, HLJ Momberg, K&W 1999
- 9.22. Deuteronomium – Geheel Toewyding aan die Here, K&W 2005
- 9.23. Studiestuk oor Hebr 12 [Sinai – Sion], Ds A Stewart
- 9.24. Jer 31: 31-34 Pinkster: in 'n Nuwe Verbond met die Here, Ds N Droomer, K&W

10. Aanhangsels

- 10.1. A1 - Studie raamwerk
- 10.2. A2 - Die wese van die erediens
- 10.3. A3 - Matt 18
- 10.4. A4 - Rapport deputaten vierde gebod en zondag
- 10.5. A5 - 1^e & 2^e Gebooie
- 10.6. A6 - Heb 12 [Sinai – Sion]
- 10.7. A7 - Rom 13
- 10.8. A8 - Hand 5